
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 -
Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

WANDEL IN SY VOETSTAPPE IN 2011

Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle Sy voetstappe kan navolg. Hy wat geen sonde gedoen het nie, in wie se mond geen bedrog gevind is nie, wat, toe Hy gely het, nie terug uitgeskel het nie, toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel. (1 Pet. 2:21-23)

Hierdie Skrif stel dit baie duidelik vir elke eerlike soekende Kind van die Here dat Christus ons VOORBEELD in WOORD en in DAAD IS! Ons kan dus wandel soos Christus gewandel het en ons kan praat soos Hy gepraat het. Hierdie is nie 'n toestand van jou voete of jou lippe nie, maar van jou hart! **Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein. (Mark. 7:21-23)**

Want soos hy in sy siel bereken, so is hy. (Spreuke 23:7) Voordat 'n mens kan wandel (lewe) soos Christus gewandel het, praat soos Hy gepraat het, moet hy eers begin dink soos Christus gedink het! Dit is slegs moontlik soos ons **elke gedagte gevange geneem tot die gehoorsaamheid van Christus (2 Kor. 10:5)** En dit gebeur nie sommer net nie! Dit is 'n daad van vasbeslote toegewydheid, dit benodig doelgerigte en aanhoudende toepassing, want die gedagtes dryf maar graag weg. Dit vereis ook 'n bereidheid om te verruil: om vorige denkwyses op te gee en die sin van Christus ons eie te maak. **Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. (Filip.2:5).**

Die Here gee vir ons indikasies dat dit moontlik is om 'n oorwinnende gedagtes lewe te lei. Satan kan steeds kom met bose voorstelle. Nêrens in Sy Woord sê die Here dat 'n mens nie versoek sal word nie. Selfs Christus was versoek. Maar 'n mens kan weier dat jou gedagtes oor bose onderwerpe tob. 'n Gesonde verstand is 'n beheerde verstand. Bose gedagtes kan verdryf word deur dit te vul met gesonde gedagtes. Die Woord leer vir ons wat gesonde gedagtes is. **Verder, broeders alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is, watter deur en watter lof daar ook mag wees, bedink dit (Filip 4:4-8)**

Jesus het die regte gedagtes oordink. Daarom kon Hy reg wandel en praat en vir ons 'n regte voorbeeld wees om te volg. **Omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle Sy voetstappe kan navolg ... HY WAT GEEN SONDE GEDOEN HET NIE (1 Petrus 2:21-22).** Vir Christus was sonde nie 'n gewoonte nie. Hy het nie verskonings weerstaan, alhoewel Hy net soos ons versoek was. **Een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (Heb. 4:15).**

Hy is ons voorbeeld. En Hy is gereed om ons by te staan om te wandel soos Hy gewandel het - in Sy voetstappe. **Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. (1 Johannes 3:6).**

Hierdie leerstelling is nie baie gewild nie, en juis daarom is daar duisende "godsdienstige" mense wat self in goddelike genesing glo, wat kragteloos is wanneer iemand bevryding van siekte of duiwelsbesetenheid benodig. As jy werklik krag van die Here verlang, is dit die moeite werd om hierdie teks in 1 Johannes 3:6 ernstig en biddend aandag te gee, ten spyte van wat jy tot dusver geleer is en glo. Daar is 'n rede hoekom sommige mense krag het en ander nie. En dit is nie omdat die Here een mens bo die ander kies nie. Krag is 'n direkte gevolg van geloof, en geloof volg op gehoorsaamheid.

Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid (geloof) teenoor God en wat ons ook al bid ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. (1 Joh. 3:21-22)

As geloof beskikbaar was vir mense sonder

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wandel in sy voetstappe….)
heiligmaking, dan kon mense wat nooit die Here kan sien nie, krag hê om te vra en te ontvang. ALLES WAT HULLE BEGEER van Hom, want die Here se onbeperkte belofte aan hulle wat geloof het, is: **En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo. (Matt. 21:22). Maar God het ook gesê: Jaag die vrede na… en die heiligmaking, WAARSONDER NIEMAND DIE HERE SAL DIEN NIE. (Heb. 12:14).**

Baie geestelike leiers verklaar dat dit onmoontlik is om bokant sonde te lewe, en dat solank 'n mens in hierdie wêreld is, moet hy noodwendig aan 'n sekere aantal sondes deel hê. Hulle sê dat 'n mens elke dag moet sondig, en saans maar weer om vergifnis vra. Die Here se Woord bly egter onveranderlike as Hy vir ons beveel. **WEES HEILIG, WANT EK IS HEILIG (1 Petrus 1:16)**

Paulus skryf aan die Korintiërs: **Wees nugter op die regte manier, EN SONDIG NIE, want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot julle beskaming. (1 Kor. 15:34).**

Mense wat verskoning soek vir hulle gewoonte sonde het volgens hierdie vers, geen kennis van die Here nie, en dit is 'n skande! Dit is 'n bewys dat baie belydende Christene geestelike aan die slaap is! Hulle word nie gelei deur die Gees van die Here nie en ook nie deur Sy Woord nie, want die taak van die Heilige Gees is om die wêreld te oortuig van sonde en geregtigheid

(Joh. 16:7-8) Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:

En as die Woord binne in jou gebêre is, sal dit sonde voorkom. **(Ps. 119:11) Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.**

Jy kan nie krag hê as jy slaap nie. WORD WAKKER! Hou op om verskonings te maak vir sonde. Stap in die voetstappe van Hom wat geen sonde gedoen het nie! **Hy ….in wie se mond geen bedrog gevind is nie, (1 Petrus 2:22)**

Jesus het genees deur Sy Woord. **En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, (Matt. 8:16).** Sy Woord was met gesag. **En hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag. (Lukas 4:32).**

Jesus se volgelinge kan verseker wees dat hulle woorde ook woorde van gesag kan wees. **Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see sal dit gebeur. (Matt. 21:21).**

Maar as ons woorde, woorde van gesag moet wees, moet ons praat soos Hy gepraat het. Bedrog (geslepenheid, verraderlikheid) moet nie in ons monde gevind word nie.

Jesus het gewandel deur die Heilige Gees, en ons wat Sy volgelinge is word aangemoedig om ook te wandel deur die Gees. **Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. (Gal. 5:16).**

In verse 19-21 van Gal. Hoofstuk 5, word die werke van die vlees aangeteken, maar hierdie werke van die vlees word in hulle lewens weggesteek, geen pogings word aanwend om dit te oorkom nie, en tog verwag hulle dat die Here hulle woorde en gebede moet eer en verhoor.

Gal. 5:21 sê baie duidelik vir ons dat diegene wat sulke dinge doen, nie net gebrek sal hê aan krag nie, maar hulle sal DIE KONINKRYK VAN GOD NIE BEëRWE NIE. Hoe kan iemand wat nie geskik is vir die Koninkryk van die Here nie, verwag om krag te hê om die wonderwerke van Christus te doen?

(Gal 5:21) afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

As jy hierdie lys van die werke van die vlees aan hand van 'n woordeboek ondersoek sal jy vind dat die Here, onreinheid, argumenteerdery, ontevredenheid, jaloesie, kwaadaardigheid, humeurigheid en luidrugtige feesvieringe vir ons voorhou.

Diegene wat hierdie dinge doen wandel NIE in Sy voetstappe nie, want Hy het nie gesondig nie, en bedrog was nie in Sy mond nie.

Paulus vermaan ons om die ou mens (die werke van die vlees) met sy werke af te lê en ons met die NUWE MENS te beklee wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper (Kol. 3:9-10).

Hier volg nou 'n lys van die karaktertrekke van die persoon wat vleeslik is en nie wandel deur die gees nie. Hierdie lys is nie baie volledig nie maar oordink dit wat daar wel is: TROTS: belangrik, onafhanklik gees, styfheid, nougeset.

LIEF VIR AANPRYSINGE; lief om opgemerk te word, lief om te oorheers, aandag na homself te trek soos bv. in 'n gesprek. ARGUMENTEER: praterige gees, hardkoppige, onopvoedbare gees, self wil, ontoegeeflik, veeleisend, dwars, prikkelbaar, lief om gesoebat te word. Praat liewer oor ander se foute en mislukkings as oor hulle deurgde, veral die wat meer talentvol en gewaardeerd is as hulle. WELLUSTIGHEID: onheilig dade, oordrewe vriendelikheid en familiariteit oordrewe teenoor die teenoorgestelde geslag, alle seksuele sonde. Dwalende oë. ONEERLIKHEID: veraderlik, verdraai of ontwyk altyd die waarheid, probeer 'n beter indruk van jouself skep was wat jy werklik is, oordryf of buig die waarheid. SELFSUGTIGHEID: liefde vir geld, gemaksug, luisheid. VORMLIKHEID: geestelike doodsheid, gebrek aan passie vir siele dorheid en traak-my-nie-agtigheid.

Gaan op jou knieë voor die Here en laat Hy met jou praat oor hierdie dinge, en maak vir jou 'n lys van hierdie vleeslike dinge wat op jou van

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2....Wandel in sy voetstappe…)
toepassing is. Jesus sal getrou vir jou wys ALLES WAT VERANDER MOET WORD. 'n Goeie manier om ons woorde en dade te toets is om onsself die vraag af te vra: **"Sou Jesus dit doen, of dit sê?"** As Hy sou, dan is jy in Sy Voetstappe. Maar as Hy nie sou nie, is jy van die merk af. Jy sal nie die Here se krag hê nie – jy sal selfs die hemel verbeur!

So 'n lewe van heiligheid is nie onmoontlik nie. Die Here het dit beveel, en **Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, sal dit voleindig (Filip. 1:6).**

Sou iets vir die Here te wonderbaar wees? (Gen. 18:14) Jesus het vir Paulus gesê, en sê dit ook vandag in Januarie 2011 vir jou: **My genade is vir jou genoeg. AS JY WAARLIK HEILIGHEID BEGEER, is dit nie buite jou bereik nie. Sonder dit sal jy nooit deel hê in JESUS SE WONDERWERKENDE KRAG NIE. □**



Ons God van wonderwerke

….Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek verwys na my vorige handgeskrewe noodkreet wat ek na julle en ons Almagtig Hemelse Vader toe gestuur het. Binne enkele weke nadat julle vir ons begin intree het het alles verander. Dit is asof die Hoer Hand net Sy vinger geklap het en alles het verander. Ek weet nie hoe om dankie te sê nie. Dankie dit klink so min!!!!! My man Hennie het 'n fantastiese werk gekry by mense wat ongelooflike goed is vir hom. Ek het werk gekry by Avbob in Winburg. Ek geniet dit ongelooflik baie en ek wil julle ook vra dat jul God se seën oor my werk ook sal afbid. Nogmaals dankie!!!

Hennie en Bets Meyer, Winburg (Oktober)

Ek groet u in die naam van onse Jesus Christus. Ek wil net vir u sê baie dankie vir die pragtige brief wat ek ontvang het die 22 September, waar die Woord my uit Lukas 1:37: Niks is vir God onmoontlik nie. Baie dankie vir hierdie woorde, by die Here is alles moontlik en baie dankie vir u en u span wat vir my familie en my kleinkind gebid het. Hy kry ook nie meer die bors probleme nie. Dr James nogmaals baie dankie vir u bemoedigende woorde. Mag die Here saam met julle wees.

Magrieta Basson, Kakamas (November)

Dokter ek wil baie dankie sê vir u gebede en geestelike aanmoediging, u het my help met u gebede in die afgelope tyd. Ek het aansoek gedoen vir 'n mediese dokter in Rusland en ek is aanvaar, asook die nodige finansies vir my eerste jaar. Dankie vir u gebede en bystanding. Groete aan almal by die sentrum.

Mnr Trevor Saron, Namibia

Wees gegroet in die lieflike Naam van die Here. Dit is met groot blydskap in my hart, en die baie dankbaarheid; dat ek voor die Here sê Dankie Vader vir die groot beterskap. Die Here het my aangeraak, ek het geen pyn nie, ek kan weer my kos sluk en geniet. Ons gee U al die Eer en Lof en aanbidding ons Heer. Dr

. James, Meg en die gebedspan, baie dankie vir die gebede wat u vir my doen. Sonder julle gebede en ondersteuning sou ek dit nie kon doen nie, die Here seën julle ryklik.

Betty Mouton, Witbank

Dit is vir my 'n besondere voorreg om hierdie getuienis te lewer. In 1997 was 'n hofsaak teen my gemaak. Ek het aan die Sentrum geskryf en voorbidding gevra. Hierdie saak het baie swaar oor ons as gesin gehang. Die Here het ons gebede gehoor en waarlik vir my ingetree.

Die Woord sê: skeur jou hart, nie jou klere nie, en dit is die absolute waarheid. Vriende by die Here is daar nie veroordeling as jy in opregtheid na Hom toe gaan nie, net liefde. Maak nie saak wat jou oortreding is nie, gee dit net vir God en vertrou Hom te volle. Ek kan God nie genoeg loof en prys nie. Alle eer aan ons Hemelse Vader. Hy is 'n

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3)
God van die onmoontlike. Prys Sy Heilige Naam.

Mnr J Smit, George

Baie graag wil ek hê dat u ons getuienis sal plaas van ons dogter, Doreen wat genees is van die kanker aan haar skildklier. Ons as ouers, haar Man, kinders en al ons ander familielede loof en prys Sy Grootte Naam daarvoor.

Met baie liefde groete.

Mnr en Mev P Oosthuizen, Kimberley

Baie dankie vir U almal se gebede, graag wil ek die volgende getuienis gee.

'n Tydjie gelede het ek aan u geskryf vir voorbidding vir myself. My been en rug, die Dr. by ons het gesê ek moet vir 'n rug operasie gaan, ek kan nie op my regter been en voet trap nie, en het geen mediese fonds nie. Die kussintjies tussen die werwels is weg.

Prys die Here ek het nou geen pyn nie, en is genees, al die eer aan ons Hemelse Vader wat my van verskriklike pyn gered het, asook 'n operasie. Dit is wonderlik om sonder pyn wakker te word. Ek het op pyn pille gelewe, so baie pyn het ek gehad. Dis nou 3 weke wat ek genees is, ek Prys die Here dat Hy ons gebede verhoor.

Mnr S Jacobs, Pretoria

Ons liewe Heer is so goed vir ons. Dankie dat Hy nog die God van die onmoontlike is. Ons liewe Heer het vir Clive genees van kanker, en my longe skoon gemaak van tering kolle. Ons was by die sentrum toe Dr. van Zyl vir ons gebid het, toe het die Liewe Heer die wonderwerk gedoen.

Ons Prys Sy wonderlike Naam. Al die Eer aan ons Koning!!

Mnr en Mev Liebenberg, Johannesburg

Deur die genade van die Here gaan dit goed met ons hier in Durban. Dankie vir die gebed vir my suster. Sy het die werk gekry.

Ons is baie dankbaar vir die Here vir die wonders wat Hy vir ons kom doen het. My ma het in September voorbidding gevra, en wonderbaarlik het die Here voorsien. Sy het terselfdertyd ook 'n plek gekry.

Hannes, Durban

Ek wil u en u span net bedank vir die voorbidding dat die Here ons 'n baba moet gee. Al die eer aan die here. Hy het die wonders kom doen. My vrou is nou agt maande swanger! Prys Sy wonderlike Naam!

Mnr Pieter Maree, Bloemfontein

Ek groet u in die wonderlike naam van ons Koning Jesus. Ek dank my God vir Sy genade. Dit is net deur die goedertierenheid van die Here, dat ek nie omgekom het in my ongeregtigheid nie.

Eerstens wil ek u bedank vir u en die span se gebede. Ek het u gevra vir gebed vir my gehoor. My gehoor het so herstel, dat ek normaal kan deel neem in 'n gesprek. Vriende was self verbaas dat ek hulle kan bel en normaal oor die foon met hulle kan verkeer. Prys die Here! Aan Hom al die Eer. Amen.

Mnr C Lotz, Port Elizabeth

Ek het gevra dat Dr. James vir my moet bid wat my prostaat klier betref. Dit het nie reg gewerk nie. Ek is nou heeltemal gesond wat die klier betref.

Ek wil baie dankie sê dat Dr. James vir my gebid het en ek wil baie dankie sê vir ons Hemelse Vader en Jesus wat my genees het. Ek voel geestelike en verstandelik ook beter. Ek bid ook vir julle almal by die Sentrum.

Mev van Rensburg, Groblersdal

Baie dankie Dr. James, ek waardeer u gebede. Ek het verlede jaar vir u geskryf en voorbidding vir my kleinseun Michael te vra. Hy het mos 'n gewas in sy keel gehad.

Dr. die Here het hom aangeraak en gesond gemaak, die gewas is weg! Al die eer aan die Here, is Jesus nie wonderlik nie! Hy doen vandag nog wonderwerke!

Mnr Olivier, Oos Londen

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Nuutste Boeke

Israel en Ismael - M78 nou beskikbaar in Afrikaans — R8.00

70 – Are You Ready? – R16.00
71 – Is Jy Gereed? – R16.00

Mosterdsaad Boeke R8.00 elk
M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael



uit **Dr James** se kantoor

Liewe Familie in Jesus,

Met die begin van 'n splinternuwe jaar, is dit nodig dat ons selfs nader aan die Here moet beweeg sodat ons kan hoor wat Sy begeertes vir ons in 2011 is. Hy ken elkeen van ons by die naam. Hy weet hoeveel hare jy op jou kop het en Hy weet verseker Sy planne en doelstellings vir jou hierdie jaar! Hy ken elkeen van ons se behoeftes individueel, nog lank voordat ons Hom vra. Hy belowe om ons die begeertes van ons hart te gee as ons Hom eerste in ons lewe stel en ons onsself verlustig om Sy Wil te doen. Psalm. 37: 4-5 verseker ons: **Verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer**

'n Aansporende waarheid aangaande die viering van die Nuwe Jaar, is die manier wat dit deur die getroue Jode gedoen word. Hulle sien hul Nuwe Jaar in met gebed en vas. Hulle bring die dag deur om oor hulle lewens na te dink en berou te hê oor alles wat hulle verkeerd gedoen het. Hulle gaan die nuwe jaar binne deur berou te wys vir die foute van die vorige jaar, so te sê om met 'n "skoon blaadjie" te begin. Hoe verskillend is hierdie van die tradisionele manier waarin die gemiddelde persoon die aanbreek van die Nuwe Jaar vier!

Hierdie jaar het die Here die noodsaaklikheid op my hart gelê om opname te neem van ons lewens soos dit is en 'n deeglike so te sê "groot huisskoonmaak" te doen en die nabye wederkoms van Jesus baie ernstig op te neem. Dit is die onderwerp van ons nuutste boek "Is Jy Gereed", en die voorbladartikel van die eerste nuusbrief van 2011 beklemtoon die belangrikheid om voorbereid te wees vir daardie Groot en wonderlike gebeurtenis waarna ons almal verlang! Net soos dit met ons geboude huise, waarin ons elke dag leef, gaan en dalk nie oplet dat dit instandhouding nodig het nie, so is dit ook met ons liggame – ons lewens. **(1 Kor. 6:19) Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?** In ons huise kan ons stadig oor die maande en jare bewus raak van die ietwat opsigtelike en verwaarloosde toestand en dat dit 'n goeie skoonmaak en verfwerk nodig het. Of ons het toegelaat dat "dinge" opgehoop het en dat die plek oorvol geraak het sonder dat ons dit opgemerk het. Wel, dieselfde is waar van ons " lewens ". Dit is belangrik dat ons tot stilstand kom en goed na onsself kyk en dan in die lig van die Woord van die Here en Sy skuldigbevinding, begin om skoon te maak en enigiets wat nie daar hoort nie te verwyder. Die Here sal ons help en ons die wysheid, krag en vermoë gee om die nodige werk te doen! Sy genade is altyd genoeg vir ons wanneer ons gehoorsaam aan Sy wil en Sy weë is. **(Fil. 1:6) Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.**

Hierdie waarheid het ons Voorblad Artikel vir Januarie 2011 aangespoor. My gebed is dat elkeen van ons tot die Here sal bid om begeerte in ons te plaas om nader aan Hom te kom en daardeur meer soos Hy sal word. **(Jak. 4:8) Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!** Laat ons in hierdie Nuwe Jaar werklik glo en op die Here se beloftes handel in 'n groter mate en Hom vertrou in daardie " skynbaar onmoontlike" situasies wat ons omring. Jesus het Self aan Sy dissipels gesê in **Mark. 9:23. "As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."**

Laat ons Sy beloftes in Mark. 9:23 en Fil. 1:6 saam met ons in die Nuwe Jaar neem, begin vandag!

Ek rig 'n baie dringende versoek aan al ons lesers dat u ons boekie "Israel en Ismael" (in Engels of Afrikaans) sal bestel en lees, en dit dan aan die politieke gesaghebbendes nl. raadslede, provinsiale en parlementslede, asook leraars stuur. Hierdie boodskap is van uiterbelang in die eind tyd.

Ons wil weereens ons liefde en dankbare dank aan julle almal oordra vir jul liefde en ondersteuning, julle goeie wense en gebede vir ons gedurende die afgelope tyd, en ons wil hê dat julle moet weet dat ons julle liefhet en waardeer, en dank ons Here vir julle.

Mag julle en jul gesinne oorvloedig geseën word hierdie jaar en mag Hy aan julle Sy liefde, vrede, blydskap en voorsiening in 2011 gee.

Baie Liefdegroete.

Dr James

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

JESUS - THE GREAT PHYSICIAN

In Matt. 15 21-28 we read the account of a Gentile woman who came to Jesus for healing for her daughter. Jesus told her that healing was the Children's bread (for the House of Israel only), and yet He healed her daughter because of the mother's great faith. From this statement, we learn that healing is available to the Lord's children and yet in His great mercy He also heals those who come to Him in faith, believing in His power to heal them. I have on occasion prayed for unbelievers, some of them have been Moslems and Hindus, and before I pray for them, I have the opportunity of telling them that Jesus Christ is the Healer, and that I pray only in His Name. The Lord in His mercy touches them and displays His healing power with the intent of drawing the needy unbeliever unto Himself. He wants them to know Him as their Saviour – for that affects their eternity - as well as their Healer. They, then have the choice to follow the One who has just touched their body, or to reject Him as Lord. It is unfortunate that many who have been healed do not keep their healing because they reject the Healer as Saviour. It is of the utmost importance that we take the crucial step of receiving Jesus Christ, as our Personal Saviour as well as our Healer. His death upon the cross of Calvary afforded us the benefit of Salvation and Healing. Jesus paid the price for both our spiritual and our physical needs. It was only through His perfect sacrifice that forgiveness of our sin was made possible. We need the forgiveness of our sin in order to retain physical healing. Jesus said to the people in Mark 2:9-12 : **Whether is it easier to say to the sick of the palsy, *Thy* sins be forgiven thee; or to say, Arise, and take up thy bed, and walk? But that ye may know that the Son of man hath power on earth to forgive sins, (He saith to the sick of the palsy,) I say unto thee, Arise, and take up thy bed, and go thy way into thine house. And immediately he arose, took up the bed, and went forth before them all; insomuch that they were all amazed, and glorified God, saying, We never saw it on this fashion.**

We can say together with the Psalmist: **Bless the LORD, O my soul, and forget not all his benefits: Who forgiveth all thine iniquities; who healeth all thy diseases; (Psa 103:2-3)**

The Bible tells us in **Psalm 107:20 He sent his word, and healed them, and delivered *them* from their destructions.** And verse 21 continues: **Oh that *men* would praise the LORD *for* his goodness, and *for* his wonderful works to the children of men!** Yes, the Lord did send His Word to heal, the written Word and the Word made flesh! **(John 1:1) In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. (John 1:14) And the Word was made flesh, and dwelt among us, (and we beheld his glory, the glory as of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.** The Word of the Lord is spirit and it is life (John 6:63), and we need to know what says in His Word concerning healing if we are in need of it.

Some do not receive healing because they do not take the time to mediate upon the Word of God, to think deeply about it and what it is in fact saying, then allowing its truth to develop and grow within them. We read in Mark 6:5-6 that in His hometown of Nazareth, Jesus COULD DO NO MIGHTY WORK because the people were SCEPTICAL AND FULL OF UNBELIEF – they did not know the truth. The scripture goes on to say that Jesus then proceeded to teach them. This was in order to build up their faith - because faith cometh by hearing the Word of the Lord – Rom,10:17. Take time, therefore, and read and hear Lord's Word so that you can receive and understand His conditions for the healing of your body. Make quite sure that you truly believe that it is the Lord's Will to heal you. I, personally, know without a shadow of a doubt that it is the Lord's will to heal, because He explains it so clearly in the Bible, and also through experiencing His faithfulness! I have seen the Lord heal every possible disease during my time in ministry, but do YOU believe it, or is your cry: "Lord, I am not sure yet whether you really mean what you promised?" You must have the certainty and be absolutely sure of this truth before praying for healing or being prayed for. This faith to trust the Lord grows as you immerse yourself in His Word. Do not be double minded, as the Bible tells us in James 1:6-8: **But let him ask in faith, with not doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.**

While I was still a practising medical doctor, (and in my infancy regarding my walk with the Lord), an old Zulu man holding a white stick, walked into my surgery one day, led by the hand of his grandson. He asked me if there was anything I could do for him, as he had severe cataracts on both eyes and was blind. I told him that surgery was possible, and that I could send him to King Edward Hospital in Durban, where they would remove the cataracts. At that point the voice of the Lord spoke to me, saying that I should pray for him to receive his sight. I asked him if he believed that if I prayed for him, Jesus would heal him and give him his sight. Without hesitation he replied emphatically that he believed without reservation that Jesus would heal him! I proceeded to pray for him and cast out the devil of blindness and laid hands on his eyes, commanding them to see in the name of Jesus. When I took my hand from his eyes, I lifted up four fingers and asked him how many fingers he could see. He said "four"! Then I lifted up two fingers, and asked him the same question, he said, "two". I think I was more surprised when his sight was restored, than he was! He had just simply believed with childlike faith, and Jesus honoured his faith. I then examined his eyes under a light and saw that the cataracts were still there, and yet he COULD SEE through those cataracts. He put his white stick under his arm, and he and his grandson set off down the passage, rejoicing! I was so excited and just worshipped the Lord then and there!

A few months later the same man returned and I was able to examine his eyes once again. This time the pupils of his eyes were perfectly clear, and all signs of the cataracts had disappeared. The healing that Jesus had started when this old man first visited me, was there for all to see! What a wonderful Lord we serve. Of course my own faith just escalated!

Sometimes there is sin in our lives which separates us from the Lord. It could is a "big" sin, but "little foxes", as Solomon rightly calls our sinful little habits, erode and cause decay. All sin is sin in His eyes, there are no small ones or big ones. Let us therefore humble ourselves before the Lord and ask Him to open our spiritual eyes so that we can become aware of, and deal with the wrong in our lives, only then can we turn from it and ask Him for forgiveness. Then we will not feel condemned when we approach Him in prayer. He promises to remove our transgressions as far as the East is from the West, according to His promise in Psalm 103:12. And 1John 1:9.says**: If we confess our sins, he is faith-**

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Jesus—The Great Physician)

ful and just to forgive us *our* sins, and to cleanse us from all unrighteousness.

I want, right here, to stress in particular the sin of unforgiveness towards our fellow man. Unforgiveness, if not dealt with, breeds bitterness and hatred, and on many occasions it is accompanied by thoughts of judgement, vengeance and revenge. The Bible is very clear that it is imperative for us to forgive anyone who has wronged us so that our Heavenly Father can forgive us and answer our prayers. **(Matt. 6:14-15) For if ye forgive men their trespasses, your heavenly Father will also forgive you: But if ye forgive not men their trespasses, neither will your Father forgive your trespasses**. (Read our book "The Power of Forgiveness"). Unforgiveness is perhaps the most common sin standing between us and the manifestation of our healing. Then there are the lusts of the flesh which we need to resist. It is important to deal with everything that will corrupt and destroy the body, which is the temple of the Lord. We read in **1 Cor. 3:16-17: Do you not know that you are the temple of God and that the Spirit of God dwells in you? If anyone defiles the temple of God, God will destroy him. For the temple of God is holy, which temple you are.** Ask the Lord to help you lay down that which is not edifying to Him or good for you. Many of these fleshly habits become compulsive and control our lives, causing a blockage to receiving our healing, but praise the Lord, His Word promises us in **Phil. 4:13 that: I can do all things through Christ who strengthens me.** Make a quality decision today at the beginning of this new year of 2011, to give up that unclean habit which rules your life.

If you have been involved in any occult practises, each should be renounced in the Name of Jesus. Ask the Lord to forgive you for having been involved in any of the following: fortune telling, astrology, horoscope reading, spiritualism, mind reading, reincarnation, water divination (with a rod or stick), acupuncture, refelxology, reiki, superstitions, healing by witch doctors, hypnosis, and any other alternative healing method with occult eastern religious roots, or the ouiji board. This deceptively "harmless game", is in fact seeking the supernatural outside the Will of the Lord and is an occult practise. Break with all the above, and for a fuller list of Satanic practises, read our book "Know Your Enemy".

Yet another blockage to healing could be involvement in Eastern religious symbols or idols, eg. a Buddha ornament or other figurines of Eastern "gods" kept in your home. Many Eastern ornaments have pictures depicting the dragon, which represents Satan. You may need to do some house cleaning, as they did in the church of Acts. Ask the Lord, prayerfully to show you anything that is an abomination to Him which may be in your house. Yoga, kung-fu, jujitsi and karate have their origins in Eastern religious practises, and should be avoided and renounced, should you have participated in any of them.

We may have **in all ignorance** become entangled in these activities, which are devil inspired, without realising that we were playing with fire! Ask the Lord for discernment and wisdom, and when you have broken with, and repented of all the sins of which you are aware, make Jesus number one in your life, and seek His Word and His ways. Let Matt. 6:33 be the standard by which you live.

But seek ye first the Kingdom of God, and His righteousness; and all these things shall be added unto you. Matt. 6:33.

Remember that Satan is the cause of all sickness, destruction and unhappiness in the life of man, therefore we must not give him an opening into uour lives. He is the enemy of the Lord and of all of mankind. The day you received Jesus as your Lord and Saviour and became His disciple, deciding to pick up your cross and to follow Him, Satan redoubled his attacks on your life, as his aim is always to break down and destroy. But you need have NO FEAR because Jesus overcame the devil on the cross of Calvary through His shed blood, and He has been given all power in Heaven and on Earth. This power and authority He has delegated to those who receive Him as Lord, become His disciples and obey His commands. **(Matt. 28:18-20) And Jesus came and spake unto them, saying, All power is given unto me in heaven and in earth. Go ye therefore, and teach all nations, baptizing them in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Ghost: Teaching them to observe all things whatsoever I have commanded you: and, lo, I am with you always, *even* unto the end of the world. Amen.**

He gave the same instructions to His disciples as we read in **Mark 16:14-18: Afterward he appeared unto the eleven as they sat at meat, and upbraided them with their unbelief and hardness of heart, because they believed not them which had seen him after he was risen. And he said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; In my name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; they shall lay hands on the sick, and they shall recover.**

So we, as believers have been given delegated power to overcome the attacks of the enemy, power to tread on scorpions and snakes, (which represent the works of demons) in the Name of Jesus!

We are empowered in His name to ward off these attacks and resist the enemy, and can do so much more effectively when we are alert and know his strategy and tactics. The devil's aim is to break your faith in Jesus and His Word, and he does this through opposing the promises the Lord has given us in the Bible. Satan will attack your faith through lying symptoms, bringing doubt and unbelief. His aim is to tempt us to question whether or not Jesus has really healed us, or really intends to heal us. BE FORWARNED, AND BE READY TO RESIST HIM AND HIS EVERY ATTEMPT TO UNDERMINE YOUR FAITH. You must be watchful, pray continuously and do not be careless about your Spiritual life. Do not give place to the devil or open a door to him.

Our Spiritual weapons in this Spiritual battle are:

1. The Name of Jesus Christ (Mark. 16:17)
2. The Blood of the Lamb (Rev. 12:11 and Phil. 2:10)
3. The Word of the Lord (1 Joh. 2:14 and Eph. 6:17)
4. Praising Jesus (Ps. 22:4 and Ps. 149:5)
5. Praying in the Spirit (Eph. 6:18 and Rom. 8:26)
6. The belt of Truth (Eph. 6:14)
7. The breastplate of Righteousness (Eph. 6:14)
8. Preparation of the Gospel of peace as shoes on your feet (Eph. 6:15)
9. The shield of Faith (Eph. 6:16)
10. The helmet of salvation (Eph. 6:17)

Exercise your faith by using these weapons to resist the enemy, and the devil must flee!! According to James 4:7: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.** Tell others what Jesus has done for you and you will find that your own faith will be strengthened, and so will theirs. The Bible tells us that we overcome the enemy by the Blood of the Lamb and by the word of our testimony (Rev. 12:11), and when we declare the mighty works of our Lord, and testify of our healing, He will honour our faith in Him.

Our bodies are the temple of the Holy Spirit, and He expects us to care for our bodies sensibly, keeping them fit by eating a well balanced diet, exercising and having sufficient rest and recreation**.(1Co 6:19-20) What? know ye not that your body is the temple of the Holy Ghost *which is* in you, which ye have of God, and**

(Continued on page 8)

(Continued from page 7 - Jesus—The Great Physician……)
ye are not your own? For ye are bought with a price: therefore glorify God in your body, and in your spirit, which are God's. We cannot blame God if sickness reoccurs and we have been negligent concerning our health. We often take our healthy body for granted, but a healthy body is a great blessing and we should care for it.

Once you have received healing from the Lord, keep your eyes on His promises and not on your symptoms. Read James 1:6-7 again, where the Word commands us NOT TO DOUBT. Sickness and pain are very real, but when we are believing the Lord and His promises for divine healing, it is not a matter of what we feel or see, but what we believe. If you are in pain, and you have asked the Lord to heal you, believe that the pain will go. Your confession of faith is in Jesus and His ability, He is true and reliable. If someone asks you how you are, say what you believe, say: "Praise Jesus, His Word says in 1 Pet. 2:24: **By His stripes I am healed!** and in 2 Cor. 5:7 it says that **we walk by faith and not by sight**, therefore, according to the Word of the Lord, I believe that I am healed, and I am progressing well".

An illustration may help you to understand this Biblical Truth. I used to grow orchids and anthuriums on a large scale and these beautiful flowers brought a lot of joy Meg and me and also to many others too, they are really beautiful and they reflect the Lord's amazing imagination in His creative ability right there before your very eyes. Now if I were to contact you and say to you that I was going to send you a large box of orchids as a gift, what would your reaction be? Your immediate response to my promise would be, thank you doctor James, what a wonderful gift, I have never had a whole box of orchids given to me in my life! I look forward to receiving them. You would then start thinking about their arrival, what they would look like, who you could share them with etc. This is a perfectly natural reaction, but think about it for just a moment. You have believed my word when I promised you the orchids, you have demonstrated this belief or trust in my word by thanking me immediately, even before you have received them or even seen them. You react this way at the word of a man, who can lie, yet the Lord gives us His Word, and the Bible tells us that He is not a man that He should lie, will He not say it and is He not able to make it good? **Num. 23:19-20 God *is* not a man, that he should lie; neither the son of man, that he should repent: hath he said, and shall he not do *it?* or hath he spoken, and shall he not make it good? Behold, I have received *commandment* to bless: and he hath blessed; and I cannot reverse it.**

When we truly believe that we are going to receive something that has been promised to us, our immediate reaction is one of gratitude and thanksgiving, yet why do we find it so difficult to act in faith in this same way when it comes to the Lord's promises in His Word? When we have faith in His Word and demonstrate this faith, it pleases Him immensely. **(Heb 11:6) But without faith *it is* impossible to please *Him:* for He that cometh to God must believe that He is, and *that* He is a rewarder of them that diligently seek Him.**

Persevere in faith, according to the Word, believing that the Lord will heal you as He has promised. We read in Hebrews 10:35-36: **Therefore do not cast away your confidence, which has great reward. For you have need of endurance, so that after you have done the will of God, you may receive the promise. For yet a little while, and He who is coming will come and will not tarry. Now the just shall live by faith; but if anyone draws back, My soul has no pleasure in him. But we are not of those who draw back to perdition, but of those who believe to the saving of the soul.** □